AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

LEERDERGIDS

1. SKOOLDRAG

1.1 Skooldrag

- Wit langmouhemp met skoolwapen op sak en die skooldas.
- 'n Grys kort- of langbroek. Koordfluweel- of ander broeke word nie toegelaat nie.
- Grys kouse. Wit of gekleurde kouse word nie toegelaat nie.
- Swart skoolskoene met veters, bv. Grasshoppers (Slofskoene, sandale, skoene met gespes en gekleurde skoene word nie toegelaat nie.)
- In die somer word die langmouhemp netjies opgerol tot bokant die elmboog.
- Op koue dae mag 'n warm onderhemp (wit sonder enige embleme/patrone) onder die hemp gedra word.
- Wit oortrektrui mag gedra word.
- In die wintermaande is die kleurbaadjie verpligtend.
- Met sportgeleenthede dra die seuns volle skooldrag plus 'n pet.
- FLO hemp en broek. (FLO is Fisiese LO)

1.2 Kleredrag by toelating

- Graad 8-seuns dra die volle skooldrag eers na die inskakelingsprogram.
- Gedurende die inskakelingsprogram dra leerders hulle Affie-skooldrag maar sonder die das. (Indien 'n leerder 'n kortbroek dra, trek hy langkouse en skoene daarby aan.)

1.3 Algemene sake ten opsigte van voorkoms en skooldrag

- Seuns moet toesien dat hulle hulle streng hou by die reëls in verband met die skoolkleredrag. Nie alleen die kleredrag nie, maar ook die gedrag, taal, maniere en houding van die seuns moet die goeie naam van die skool binne sowel as buite die skool waardig wees.
- Elke seun moet by toelating 'n onderneming onderteken dat hy die skooldrag tot eer van sy skool sal dra.
- Ons skooldrag en ons voorkoms is ons trots en ons optrede weerspieël dit.
- Affie T-hemde en ontspanningsbroeke is by die skool beskikbaar.
- LO-drag is 'n Affie-T-hemp en Affie ontspanningsbroek wat by die skool te koop is.
- Spesiale Affie-dasse bv. kultuur-, sport- en akademiese dasse is by die skool beskikbaar en mag slegs op Vrydae gedra word. Hierdie dasse is slegs onder sekere voorwaardes beskikbaar aan leerlinge.

1.4 Verskaffers

- Monumentpark Uitrusters 012 460 8770
- Constantiapark Uitrusters 012 460 8132
- Gebruikte skoolklere kan by die skool se klerebank gekoop word.
  Tye:
  Maandae, Woensdae en Vrydae gedurende pouse
  Dinsdae en Donderdae om 13:40.
  Elke ***eerste*** Vrydag van die maand 13:40.
- Wyse van betaling: slegs kontant of internet oorbetaling.

2 ALGEMENE SKOOLAANGELEENTHEDE

2.1 Aansoek om toelating

Aansoek om toelating tot die skool word volgens departementele voorskrifte aanlyn gedoen op die Departement se webtuiste. Inligting hieroor sal op ons webtuiste by die skakel na Aansoeke beskikbaar wees. Die Affie-Inligtingsvorm en dokumente wat versoek word, moet by die skool ingehandig word.

2.2 Inskakelingsprogram

'n Inskakelingsprogram vir graad 8-leerders word gedurende die eerste twee weke gevolg.
Alle leerders is te alle tye onderhewig aan die nakoming van die skool se gedragskode

2.3 Skooltye

Die skool begin om 07:25 en sluit om 13:40. Seuns moet sorg dat hulle betyds by die skool opdaag. Elke seun moet om 07:25 by die skool wees en sy tas op die aangewese plek op die aantreeblad plaas. Die seuns tree in alfabetiese volgorde en in voogklasverband aan.

2.4 Skoolbesoek en Uitteken

Al die seuns moet die skool vanaf die eerste tot die laaste dag van die kwartaal bywoon. Verlof om afwesig te wees vir 'n periode of 'n gedeelte van die dag word net in die uiterste gevalle toegestaan. Die versoek om verlof moet skriftelik gedoen word.
As die seun gedurende die skooldag uitgeteken moet word, moet 'n brief (harde kopie geen e-posse) 1 dag voor die tyd by die navraekantoor ingehandig word. Dit word deur die adjunkhoof aan diens goedgekeur. Die ouer moet persoonlik die seun by die navraekantoor kom uitteken en hom by sy klas gaan afhaal. Koshuisseuns se ouers mag 'n e-pos aan sy gangvoog stuur.

2.5 Verversings

Appelkas (Snoepwinkel)
Maandag tot Vrydag – pouse; 14:20 – 17:00; 19:30 – 20:30, Vrydae 13:40 – 14:10
Saterdag gedurende sportbyeenkomste
1920-Kafeteria
Tye: 06:30 tot 20:30 behalwe Vrydae net tot 15:00
Eksamentye: 06:30 tot 18:00 en Vrydae tot 14:00.
Naweke gedurende sportbyeenkomste.

3 AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

3.1 EKSAMENS EN TOETSE

3.1.1 Deurlopende assessering

Leerders word deur die jaar deurlopend geassesseer deur middel van praktiese werkopdragte, mondeling, groepswerk, skriftelike werk, klaswerk, klastoetse en kwartaaltoetse. Hierdie assessering word in 'n portefeulje saamgevat. Die punte same-stelling van hierdie portefeulje verskil by elke vak en graad.

3.1.2 Kwartaaltoetse en eksamens

Grade 8 – 11	**Graad 12**
geskeduleerde kwartaaltoetse gedurende die jaar soos aangedui in dagboekie.	kwartaaltoetse gedurende die jaar
Junie-eksamen	Junie-eksamen
Novembereksamen	Rekordeksamen in Augustus
	November eindeksamen (NSS)

3.1.3 Hulpverlening en vordering

- Ouers kan onderwysers gedurende oueraande besoek.
- Verslae en rapporte word na elke eksamen uitgegee.
- Ouers kan ook die vordering van leerders dophou op grond van assesseringskriteria in die portefeuljes
- Hulpklasse word in verskeie vakke aangebied.
- 'n Opvoedkundige sielkundige en 'n ortodidaktikus is beskikbaar vir remediërende onderrig en hulpverlening t.o.v. studietegnieke en leer- en leesprobleme

3.2 RAPPORTE

Rapporte word op die volgende geleenthede aan ouers beskikbaar gestel:

Graad 8 – 12	Begin van die tweede kwartaal
Graad 8 – 12	Begin van die derde kwartaal
Graad 12	Na afloop van die rekordeksamen
Graad 8 – 11	Na afloop van die November-eksamen

Die skool maak van Moodle gebruik. Dit is 'n aanlyn leerbestuurstelsel waarop ouers en leerders kan inteken. Algemene akademiese inligting soos huiswerk en punte word hier opgelaai.

4. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

In samewerking met die Afrikaanse Hoër Meisieskool, bied die skool 'n groot verskeidenheid sport-, kulturele en ander bedrywighede aan. Van elke seun word verwag om in te skakel by ons kulturele- en sportprogram.

4.1 KULTURELE AKTIWITEITE

Debat en Redenaars
Koor
Konsertorkes
Swing Ensemble
Strykensemble
Kleredrag: Seuns neem in skooldrag deel.
Volledige inligting verskyn jaarliks in beplanningsgids

4.2 SPORT

Sportsoorte

Deelname aan sport geskied oor die hele land teen verskeie vooraanstaande skole. Die leerders van die skool word vir atletiek en swem in drie huise verdeel, naamlik Hartbeeste (rooi), Koedoes (groen), Koshuis (swart).
Volledige inligting verskyn jaarliks in beplanningsgids

Sportdrag

Sportsoort	Tydens deelname	Na deelname
1. Atletiek	Wit atletiekbroekie en/of Affie-spanbroek	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en Affie-T-hemp.
2. Tennis	Groen Affie-broek en wit Affie-gholfhemp/sporthemp	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en wit Affie-sporthemp.
3. Tafeltennis	Groen Affie-broek en wit Affie-sporthemp	Volledige skoolsweetspak of groen Affie-broek en wit Affie-sporthemp.
4. Swem	Affie-Speedo met swempet	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en Affie-T-hemp.
5. Krieket	Krieketlangbroek en Affie-kriekethemp.	Krieketlangbroek of groen Affie-broek en Affie-kriekethemp. Skoolbaadjie word tydens tee en ete aangetrek.
6. Rugby	Wit rugbybroek en Affie-rugbytrui met Affie-rugbykouse	Volledige skoolsweetpak indien reserwe, andersins volle skoolkere met baadjie.
7. Skaak	Skoolklere of wit skaakhemp	Skoolklere of wit skaakhemp met skoolbaadjie
8. Landloop	Wit atletiekbroekie en atletiekfrokkie	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en Affie-T-hemp.
9. Waterpolo	Affie-Speedo met swempet	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en wit Affie-sporthemp.
10. Hokkie	Groen Affie-broek en Affie-hokkiehemp	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en hokkiehemp.
11. Gholf	Affie-gholfhemp en chino	Skoolklere of Affie-gholfhemp met skoolbaadjie
12. Fietsry	Swart Affie-fietsrybroek en Affie-fietsryhemp met Affie-fietsrykouse	Volledige skoolsweetpak of groen Affie-broek en Affie-T-hemp

Geen plakkies word saam met enige sportdrag toegelaat nie.